

**13 Julie**

**Skrifgedeelte: Romeine 5**

**Fokusgedeelte: Romeine 5:20**

### **Hoe groter sonbaar, hoe groter genade**

Besef ons werklik wat God vir ons sonbaars doen? Sy Woord sê “Hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword. Ook: “Deur die sonde van Adam het baie gesterf, maar die genade van God is aan baie veel oorvloediger geskenk. “Adam en Eva se sonde het ‘n harde hou in ons lewe kom slaan, maar die genade van ons God het nog harder geslaan. As ‘n mens bewus raak van die woord oorvloedig as ‘n afleiding van oorvloei, kom jy onder die indruk hoe groot God sê genade is. Die sonde het die mens se lewe vol gemaak – soos ‘n beker tot oorlopiens toe vol. God se groot genade het egter in daardie selfde lewe oorgevloei. Kom ons veronderstel dat ‘n mens se hart hol soos ‘n beker is. Hierdie hele ruimte word nou deur die mens se sonde tot bo, tot aan die rand gevul. Volgens Ps 14:3 is elke mens se hart vol sonde: “Almal het afgedwaal, die laaste een het ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie.” God het egter in sy groot liefde (Joh 3:16) sy genade in die mens se hart kom uitgiet - so uitgiet dat dit jou hart gevul het en oor gevloei het, jou hele hart bedek het. Hy het dit so toegemaak dat jy van daardie sondehart niks meer kan sien nie. God se genade is groter as die sonde. In die tuin het Adam reeds gesondig, maar toe gee God nog sy Wet ook. Dit het die sonde nog meer laat word. Die oortredings word al hoe meer net slegter en slegter voor sy God word. Deur ons oortreding van God se geboie is ons elke dag besig om die wawrag van ons sonde al hoër en hoër te laai. Die goeie nuus is egter dat jou hemelse Vader jou oorlaaide hart met Sy genade en goedheid oorstrom. Hoe groter sonbaar, hoe groter genade! Kom, gryp hieraan vas deur ‘n ware, opregte geloof. Dan sal jy dankbaar lewe en sal die lied van jou hart wees: Genade onbeskryflik groot – “amazing grace” – en deur Jesus ook daarin deel.

*Sing: Skrifberyming 24:7 Ds LD Aucamp (Cullinan)*